Sy rol!

Dr Jo-Marie vdM Bothma

Hierdie kleine fraaie dogtertjie en haar mamma het BabaGim® begin toe sy 4 maande oud was. Mamma het elke aktiwiteit getrou gedoen en die klasse baie geniet en was veral geinteresseerd in die volgorde van haar baba se mylpale. Dit was tydens die ferm grondslag klassies al duidelik dat kleine Michön maar aan die "lui" kant was. Sy sou baie gereeld en heel gemaklik met oop armpies en pap beentjies net so op haar rug lê vir lang rukke op 'n slag. Sy het 'n baie matige temperament, het nooit gekla nie en geen ander areas van haar ontwikkeling het enige kommer gewek nie.

Teen 8 maande oud, het Michön nog nie begin rol nie en was sy nie gemotiveerd om eers te probeer nie. Sy kon toe al lekker onafhanklik sit, maar die mamma het besef hoe belangrik die rol-mylpaal is en dadelik vir 'n BabaGim rol- en sit-klas ingeskakel om meer te leer van spiere sterk maak en oefen.

Mamma Jenine sê:

"Hallo al die mooie mammas. Ek wil graag dié met jul deel en jul aanmoedig om nooit moed op te gee nie. Michön is nou 8 maande (amper 9 maande) en sy wou glad nie rol nie. Ek het haar na Jo-Marie toe gevat. Hoe heerlik was dit nie! Nie net het Jo-Marie vir my rustigheid gegee nie, maar ook moed ingepraat. Na die gevorderde BabaGim klassie is ek daar weg met 'n paar ekstra oefeninge en 'n hart vol moed. Reeds 2 dae na die klassie kon ek 'n groot verskil sien en binne 2 weke het my dogtertjie begin rol! Nou kan ek rustig wag vir die volgende mylpaal.

Hou aan en moenie ophou om jou klein mensie aan te moedig nie. Speel speel speel! Daardie tyd wat mens met hulle spandeer maak 'n reuse verskil en bou 'n goeie toekoms. Dankie dankie dankie Jo-Marie en BabaGim! Ek sal enige tyd ander mammas na julle toe verwys!"

Mamma Jenine en baba Michön (6 maande) tydens die BabaGim gradeplegtigheid

©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2017